JONKERSHOEK SRA

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Oktober | October 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse behaal:

’n Verdagte wat betrokke was by ’n misdaad buite JSRA area is aangekeer en in besit van ’n gevaarlike wapen betrap. Die verdagte word vermoedelik verbind met ’n saak van aanranding om ernstig te beseer.

’n Verdagte persoon is op die kameras opgemerk. Die patrollievoertuie is ontbied en die persoon is opgespoor. Terwyl die voertuie by die verdagte persoon besig was, het ‘n inwoner van Simonswyk hulle genader en die beamptes meegedeel dat daar ’n verdagte persoon in sy en sy bure se erf was. Met die nagaan van die eienaar se privaat kameras, is daar vasgestel dat dit dieselfde persoon is wat deur die voertuie voorgekeer is. Nie een van die inwoners wou ’n saak van betreding teen die verdagte open nie. Die verdagte is gewaarsku en laat gaan.

| **Oktober 2024** | |
|---|---|
| **Totaal** | **Klagtes** |
| ±186 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ±25 | Verdagte voertuie |
| ±77 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidshekke / huisdeure |
| ±24 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ±379 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, verkeersoortredings, drink in die publiek, rusverstoring, ens. | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met ’n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met ’n ander wapen as ’n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | Daar was twee pogings tot huisbraak en een huisbraak in die Jonkershoekvallei. Al drie die voorvalle het op ‘n Woensdagnag/Donderdag vroegoggend plaasgevind. Die verdagte wat vermoedelik betrokke was by die voorvalle is gearresteer vir ‘n uitstaande saak teen hom. Sedertdien het misdaad in die omgewing afgeneem. Daar was ook ’n huisbraak in die omgewing van die nuwe ”JSRA extension area”. Die voorval het op ’n Saterdagoggend plaasgevind. Die verdagte/s het vermoedelik die deur van die woning oopgemaak, items geneem en gevlug. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Daar was een voorval in die “JSRA extension area”. Die voorval het op ’n Dinsdag gedurende die dag plaasgevind. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal uit / vanaf ’n voertuig | Daar was ‘n voorval van diefstal vanaf ’n voertuig waarby ‘n noodwiel gesteel is. Die eienaar van die voertuig het by sy woning agtergekom dat die noodwiel gesteel is. Die plek van die diefstal is egter onbekend. Daar was twee voorvalle van diefstal uit ’n voertuig in die Mostertsdrift-omgewing. In beide gevalle was dit vermoedelik “remote jamming”. Beide voorvalle het op ‘n Maandag gedurende die dag plaasgevind. Daar is ook een voorval van diefstal uit ’n voertuig in die Jonkershoekvallei aangemeld. Die voorval het op ’n Saterdagnag plaasgevind. Drie voorvalle van diefstal uit ’n voertuig is in die “JSRA extension area” aangemeld. Twee van die voorvalle het op ‘n Maandag en Dinsdag deur die dag in die Van Riebeeckstraat-omgewing plaasgevind. Die ander voorval het op ’n Saterdagaand in Die Laan-omgewing plaasgevind. |
| Diefstal Gewoon | Daar is vyf diefstal gewoon sake onder ons aandag gebring. Drie van die voorvalle het in die Mostertsdrift-omgewing voorgekom. Twee daarvan was by ‘n bouperseel, waar gereedskap gesteel is. By die ander voorval is ‘n fiets gesteel. Die verdagte is geïdentifiseer en vroeg in November gearresteer. Hy word met vier sake van diefstal verbind. Die ander twee voorvalle was in die Simonswyk- en Uniepark-omgewings, onderskeidelik. Een voorval van diefstal gewoon is ook in die “JSRA extension area” aangemeld. Die voorval het op ’n Dinsdag gedurende die dag in die Van Riebeeckstraat-omgewing plaasgevind. |

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum en omgewing aangrensend aan die JSRA | Een saak van OTM bedrog en een van diefstal gewoon is onder ons aandag gebring.<br>Wees asb. bedag by alle OTM’s vir OTM bedrog. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. |
| Helshoogtepad | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. |

| | |
|---|---|
| Bergpad agter Coetzenburg / Coetzenburg Stadion / Suidwal- / Noordwal-Wes-omgewing | Verskeie sake is onder die JSRA se aandag gebring, onder andere:<br>Diefstal uit/vanaf voertuie;<br>Diefstal van voertuie;<br>Diefstal gewoon.<br>Indien enige verdagte aktiwiteite / persone / voertuie opgemerk word, skakel asb. onmiddellik die JSRA Beheerkamer. |
| Jan Maraispark-omgewing | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb. kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch-omgewing toeneem. Verwyder asb. alle waardevolle items uit jou voertuig en maak seker dat jou voertuig gesluit is.

## D. Spesiale versoek en wenke

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

Maak asb. seker dat jy die regte nommer van die Jonkershoek SRA Beheerkamer het:
**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

JSRA het Sekuriteit en Sosiale WhatsApp/Telegram groepe vir die JSRA area. Indien jy nog nie by een van die groepe ingeskakel het nie, registreer asb. by die volgende skakel:

**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**



## VEILIGHEIDSWENKE VIR KINDERS

- Moet nooit alleen iewers heen gaan nie, maak seker jy is ingesluit by 'n groep vriende, of saam met 'n grootmens wat jy en jou ouers vertrou.
- Moet nooit iewers heen gaan sonder om vir jou ouers te vertel waarheen jy gaan nie. Maak seker jou ouers het die teleloonnommers van die vriende saam met wie jy is. Laat weet altyd jou ouers as julle planne verander.
- Leer jou ouers se telefoonnommers uit jou kop uit, en ook jou ma en pa se name en van. Leer ook n tante of oom se nommer ingeval jy nie jou ouers in die hande kry nie.
- Moenie na plekke toe gaan wat jy nie ken nie. As jy verdwaal, of jou ma verloor in 'n winkelsentrum. (of op 'n ander plek) nader dadelik die sekuriteit en vra hulp. Moenie self jou ouers gaan soek nie ... Kry hulp!
- Moenie saam met mense gaan wat jy nie vertrou nie. Moenie alleen na openbare toilette toe gaan nie. Gaan saam met vriende of saam met jou ouers.
- Moenie lekkers, geld, geskenke, koeldrank, ens. by vreemdelinge vat nie.
- Moet nooit in vreemdelinge se karre inklim nie of iewers saam met hulle gaan nie.
- As iemand jou volg ... Hardloop!!!!!! En skreeu!!!! Raas hard!!! Wees liewers veilig as jammer.
- Skryf jou naam binne-in jou klere en jou skooltas/skoolsak. asook jou ouers se telefoonnommers. Moenie dit buite-op skryf waar vreemdelinge dit kan sien nie.
- Moenie alleen in die straat speel nie! Dit is maklik vir 'n vreemdeling om langs jou te stop jou te gryp. en jou in die kar in te trek.
- ONTHOU die MAKKERSTELSEL: VAT ALTVD N VRIEND/MAKKER SAAM MET JOU, waarheen jy ookal gaan! Bly naby jou vriend! So kan julle mekaar orals waar julle gaan maklik help as julle in die moeilikheid kom!!!

**NOODNOMMERS:**

**STELLENBOSCH SAPD:**
**(021) 809 5015**

**STELLENBOSCH WETSTOEPASSING:**
**079 622 4722**

**JSRA BEHEERKAMER:**
**062 027 1601**



## A. Security Activities

During the month the JSRA Security officials achieved the following successes:

A suspect who was involved in a crime outside JSRA area was arrested and it was also established that he was in possession of a dangerous weapon. This person is suspected of being involved in an assault with the intention to cause serious bodily harm.

A suspicious person was observed on our cameras. The patrol vehicles were dispatched and the person was tracked down. While the officials were investigating the situation with the suspect, a resident of Simonswyk approached the patrol vehicles with the complaint that a suspicious person was observed on his and his neighbour's premises. The resident reviewed his cameras and established that it was the person they were investigating. Neither of the residents was willing to open a case of trespassing against the suspect. The suspect was reprimanded and allowed to go.

| **October 2024** | |
|---|---|
| **Total** | **Complaints** |
| ±186 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ±25 | Suspicious vehicles |
| ±77 | Open gates/garage/doors/security gates/house doors |
| ±24 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ±379 | Complaints in total to which attention was given |
| Other: Lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, traffic offenses, alcohol abuse in public, disorder, etc. | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / Attempted murder | No incident was reported. |
| House robbery | No incident was reported. |
| Business robbery | No incident was reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident was reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident was reported. |
| Common robbery | No incident was reported. |
| Rape / sexual assault | No incident was reported. |
| Public indecency | No incident was reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| Housebreaking | Two attempted housebreakings and one housebreaking occurred in the Jonkershoek Valley on Wednesday night/Thursday early morning hours. The suspect, who was presumably involved in the incidents, was arrested for a pending case against him. After this arrest, crime decreased in the area.<br>There was also one house-breaking in the new so-called "JSRA extension area". It occurred on a Saturday morning. The suspect presumable opened the door of the house, took items and fled. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | There was one incident in the JSRA extension area. It occurred on a Tuesday during the day. Suspect/s unknown. |
| Theft from / out of a vehicle | There was one incident of theft from a vehicle, where the spare wheel of a car was stolen. The owner of the vehicle only established when he arrived home that the spare wheel was gone. It is unknown where the theft occurred.<br>There were two incidents of theft out of vehicles in the Mostertsdrift area. In both instances it was probably a case of remote jamming. Both incidents occurred on a Monday during the day.<br>One incident of theft out of a vehicle was also reported in the Jonkershoek Valley. It occurred on a Saturday night.<br>Three incidents of theft out of a vehicle were reported in the JSRA extension area. Two of the incidents occurred in the Van Riebeeck Street area, one on a Monday and the other on a Tuesday, both during the day. The other incident occurred in The Avenues area on a Saturday evening. |
| Theft general | Five incidents of theft general were reported to us. Three of the incidents occurred in the Mostertsdrift area. Two of them were at a building site, where building equipment was stolen. In the other incident a bicycle was stolen. The suspect was identified and arrested early November.  The suspect is linked with four theft cases. The other two cases occurred in the Simonswyk and Mostertsdrift areas, respectively.<br>There was also one incident of theft general in the JSRA extension area. It occurred in the Van Riebeeck Street area on a Tuesday during the day. |

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit these areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | One incident of ATM fraud and one incident of common robbery were reported to us.<br>Please be on the alert at all ATMs for ATM fraud. |
| Botmaskop/African Valley | No incident was reported to us. |
| Helshoogte Road | No incident was reported to us. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg / Coetzenburg Stadium / Suidwal- / Noordwal-West area | Several cases were brought to the attention of the JSRA, among others:<br>Theft from / out of vehicles |

| | |
|---|---|
| | Theft of vehicles<br>Common robbery.<br>If any suspicious activities/persons/vehicles are observed, please contact the JSRA Control room without delay. |
| Jan Marais Park area | No incident was reported to us. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should rather go in large groups. Also be on the alert at all ATMs when you withdraw money.
Please take note that theft from vehicles and theft of vehicles are on the increase in the Stellenbosch area. Please remove all valuable items from your vehicle and make sure that your vehicle is locked.

.

## D. Special request and hints

Residents are again requested to report all cases at the SAPS.

**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

Residents are again requested to report all cases to the SAPS.

Please make sure that you have the correct number of the Jonkershoek SRA control room:
**JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**

The JSRA has Security and Social WhatsApp/Telegram groups for the JSRA area. If you have not yet joined one of these groups, please register at the following link:
**https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6**

**Best regards**
**JSRA Management**



## SAFETY TIPS FOR CHILDREN

- Never go somewhere on your own and make sure you are with a group of friends or an adult that you and your parents trust.
- Never go somewhere without telling your parents where you are going. Make sure that your parents have the phone numbers of the friends that you with. Always tell your parents if your plans change.
- Memorise you parents' phone numbers, as well as your mom and dad's names and surnames. Also learn an uncle or aunt's phone number in case you cannot reach your parents.
- Do not go to places that you do not know. If you get lost, or lose your mom or dad in a Shopping Centre (or any other place), go to security immediately and ask for help! Do not try to find your parents ... get help!
- Do not go with people that you do not trust. Do not go to public toilets on your own. Go with friends or your parents.
- Do not take sweets, money, presents, cooldrink etc.. from strangers. Do not take anything from strangers.
- Do not drive with strangers. Never get in the car of a stranger or go somewhere with them.
- If someone is following you ... Run!!!!!! And scream!!!!!!! Make a big noise!!!!!!!!
Rather be safe than sorry.
- Write your name inside your clothes and your school bag, as well as your parents' phone numbers. Do not write it on the outside, where strangers can see it.
- Do not play in the street on your own. It is easy for a stranger to stop next to you and grab you into the car.
- REMEMBER the BUDDY SYSTEM: ALWAYS TAKE A FRIEND/BUDDY WITH YOU, wherever you go! Stay close to your friend! Then you can help each other quickly, wherever you are, if you should get into a bad situation!!!

**EMERGENGY NUMBERS:**


**STELLENBOSCH SAPS:**
**(021) 809 5015**


**STELLENBOSCH LAW ENFORCMENT:**
**079 622 4722**

**JSRA CONTROL ROOM:**
**062 027 1601**




## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts



# MISDAAD | CRIME
# BULLETIN

**Oktober | October 2024**




Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).